

## Maandag

Mat. 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10. Teks Matteus 6: 33: "Maar seek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Tema: 'Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het.' Die Here wys hier dat ons kan en moet besig wees met die dinge waarmee God se kinders besig kan en moet wees, omdat God ons Vader besig is met die dinge waarmee Hy as Vader vir ons besig moet wees. Dit is soos met ouers en kinders! Ouers wie hulle kinders VERSORG EN LIEF HET se kinders hou hulle besig met dit waarmee kinders moet besig wees: hulle sport, skoolwerk, vriende en hul loopbaanontwikkeling. Ouers wie hulle kinders VERWAARLOOS, onversorg laat en nie liefhet nie, is kinders wat so gou as moontlik uit die huis en skool wil wegkom sodat hulle vir hul self 'n tuiste kan skep en liefde kan vind. Om uit die skool te gaan is vir hulle 'n magsdaad. Dit is die magsdaad waardeur hulle die bevoegdheid en krag van hul ouers, hulle eie bevoegdheid en krag maak om hul self te versorg. Dit is 'n magsdaad om as kinders hulle self grootmense te maak omdat hulle ingestel is om vir hulle self kos, drank en kleres te kry waarvoor hulle ouers nie sorg nie. Maar daardeur kan hulle hul self nooit toe lê om hul talente en potensiaal as kinders te ontwikkel nie, nooit iets maak van die geleenthede wat die lewe hulle as kinders bied nie, en ook nie toelê om gehoorsame en liefdevolle kinders te wees nie. Om besig te wees met jou talente, geleenthede, liefde en gehoorsaamheid aan jou ouers, is waarmee VERSORGDE kinders besig is! Kinders behoort nooit die magsdaad uitoefen om die bevoegdheid van volwasse sorg hul eie mag te maak nie. Kinders behoort nooit selfversorgers word teenoor afwesige ouers nie. In hierdie gedeelte in Mat. 6 wys die Here dat Hy sorg vir ons as sy kinders sodat óns kan besig wees waarmee God se kinders besig is: die goeie werke waarvoor Hy ons geskep het. Preek beskikbaar op Google by [ngkerkleuvubu.co.za](http://ngkerkleuvubu.co.za) Ds. Petrus

## Dinsdag

Mat. 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10. Teks Matteus 6: 33: "Maar seek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Tema: 'Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het.' Wat God se koninkryk en sy geregtigheid is, sien ons op drie plekke in Matteus.

1. Christus begin hierdie koninkryk en geregtigheid deur Hom as sondaar te laat doop in die plek van sondaars. (Mat. 3:15) Hy laat ons vir God reg wees deur in ons plek die gestrafte en veroordeelde sondaar te wees. (Mat. 26 –)
2. In die Bergrede wys die Here dat jy net in sy koninkryk kan ingaan as jy meer reg is as al die bekeerde vroom mense van hierdie wêreld - dit is die Joodse skrifkenners en Fariseërs. Jy is meer reg vir God as al hierdie bekeerde vroom mense, omdat Christus jou insluit in sy geregtigheid as mens.
3. Met die Nagmaal wys die Here ons, ons is deel van hierdie nuwe geregtigheid. (Mat. 26: 26 – 28) Sy bloed, sy dood as sondaar in ons plek, maak ons deel van die

nuwe verbond waar die Here ons vir sy liefde en goedheid regmaak. Dit is hoe Christus as koning ons vir God se liefde en diens regmaak! Dit is presies hierdie geregtigheid wat Christus vir ons bewerk en gee wat Paulus in Ef. 2:10 aankondig: "Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het." God het ons geskep deur 'n DNA molekule wat Hy gevorm het waarin Hy ons lewe, persoon en talente vasgelê het vir die goeie werke waarvoor Hy ons in sy skepping wil gebruik, en Christus laat ons deur sy werk weer reg wees sodat ons, ons self weer kan toelê op, gefokus wees op en besig wees met ons lewenstake vir God. Dit is wat die Here se woorde beteken: soek bo alles die koninkryk van God en sy geregtigheid. Wees ingesteld op en besig met dit waarmee kinders van God op gefokus en besig mee is: op die goeie werke waarvoor God jou gemaak en voor reg gemaak het! Preek beskikbaar op Google by [ngkerklewubu.co.za](http://ngkerklewubu.co.za) Ds. Petrus.

#### Woensdag

Mat. 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10. Teks Matteus 6: 33: "Maar soek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Tema: 'Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het.' Die "dinge" wat Gód "byvoeg" by sy kinders, wat ingesteld is op hul goeie werke, is hul versorging as sy skepsels met kos, drank en klere. Die woord "bygevoeg" beteken in hierdie teksgedeelte glad nie dat eers wanneer jy tot bekering kom of eers wanneer jy jou sondes los en reg begin leef, sal God vir jou begin sorg met kos, water en klere nie. Nog minder beteken dit hoe meer jy reg leef, hoe meer en beter kos, drank en klere sal God jou mee versorg. Die Here wys vir ons 'n heeltemal ander soort kontras: die kontras waarmee kinders van God hulle moet besig hou omdat God in elk geval besig is met alles waarmee Hy besig is. Die Here wys met twee voorbeelde waarmee Hy, ongeag waarmee sy kinders besig is, mee besig is: a. die wyse waarop God voëls versorg en b. aan blomme hul skoonheid voorsien. God sorg vir die voëls om elke dag kos te hê, deur 'n hele ekologie wat Hy oor miljoene jare opgebou het en steeds bedryf, in soveel oorvloed dat voëls hierdeur kon ontwikkel en elke dag gevoed word. Voëls is nooit selfversorgend of selfvoorsienend nie. God beklee ook sy skepping met skoonheid. Die prag van blomme wys dat God sy skepping versier met heerlikheid. Die luisterykheid van alles verheerlik God as beeldhouer wat skoonheid voorsien. God is sorgsaam en voorsienend besig om ons as deel van sy skepping te onderhou! Daarom kan ons met goeie werke uit dankbaarheid vir sy sorg en voorsiening besig wees, wat heeltemal iets anders is as om verwaarloosde skepsels eïmagtig of selfbehep selfversorgend en selfvoorsienend te moet wees. Preek beskikbaar op Google by [ngkerklewubu.co.za](http://ngkerklewubu.co.za) Ds. Petrus

#### Donderdag

Mat. 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10. Teks Matteus 6: 33: "Maar soek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Tema: 'Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons

voorberei het.' Die Here wys dat alle afgodsdienste van hierdie wêreld (heidene) - óók die afgodsdienste van die moderne Christelikheid! - verdraai die bedoeling van die goeie werke van kinders van God. Hierdie mense meen dat hulle op 'n eiemagtige, selfvoorsienende en selfversorgende besig kan wees. Maar nét God kan so wees. Hulle hou hulle besig met dit wat God mee besig is. Daarom glo hulle, hulle bemagtig hulself met God se krag en mag om soos God te wil wees - nes verwaarloosde kinders hul self as grootmense probeer bemagtig. Dit doen hulle of deur afgodsdienste of deur goddeloosheid. In hul AFGODSDIENS maak hulle gebed, bekering en gehoorsaamheid aan God magte waardeur hulle selfversorgend en selfvoorsienend sou wees. Hierdie sogenaamde goeie werke is nou kamstig magte waarmee hulle dit kan laat reën, goeie oeste kan verseker, plunderaars kan afweer en goeie winste mee kan verseker. Met gebed doen hulle nou alles wat God sonder ons gebede in elk geval voor sorg, omdat dit is wat 'n Skepper met sy skepping doen. Vir hulle is gebed, bekering en gehoorsaamheid nie meer die wyse waarop kinders van God net besig is met hul dienswerk waarvoor God hulle gemaak het nie. Dis nou kragte en magte om vir jouself te kan bewerk wat God (so glo hulle) nie meer voor sou sorg nie. In hulle GODDELOOSHEID verander hulle ook die bedoeling van die bestemming waarmee die Here ons in ons DNA's ons voor gemaak het. Hulle maak menslike talente die kragdadigheid vir hulle godlose selfvoorsiening en selfversorging sodat hulle God en sy sorg nie meer nodig sou hê nie. Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za) Ds. Petrus

Vrydag

Mat. 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10. Teks Matteus 6: 33: "Maar seek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Tema: 'Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het.' Waarmee God as God besig is en waarmee ons moet wees, stel die Here in hierdie verse met 'n tweede kontras: ons moet ons nie oor die dag van more bekommer nie, ons moet ons besig hou met 'n dag op slag se bekommernisse. Geestelikes gebruik hierdie woorde van die Here vir 'n gewaande kommervrye lewe. Dit is die afgodsdienste wat ons elke dag hoor: as jy reg bid, reg bekeer en reg gehoorsaam is, dit is, as jy met (so meen hulle) geestelike dinge besig is, dan hoef jy jou nie oor aardse dinge te bekommer nie. Op hierdie wyse is geestelike dinge die dinge wat jou 'n kommervrye lewe waarborg in hierdie wêreld. Maar dit stry teen die kontras wat die Here hier stel: moet jou nie oor more bekommer nie, wees met vandag se bekommernisse besig binne die kwaad wat elke dag bring! Dit beteken: moet jou nie bekommer oor God se sorg en voorsienigheid waarmee Hy alreeds met die dag van more en vir miljoene jare vorentoe besig is nie, bekommer jy jou oor die geregtigheid van God se koninkryk vir vandag, die goeie werke waarvoor God jou gemaak het. Gelowiges is elke dag ingestel en besorg om goeie werke te bly doen binne al die kwaad en onreg wat elke dag oplewer. Wie God vertrou om God te wees, kan besig wees waarmee kinders van God besig is, naamlik vandag se take en roeping, vandag se geregtigheid, in 'n wêreld vol ongeregtigheid! Wie God vertrou om God te wees, is nie bekommerd oor waarmee God Hom vir more en die toekoms

mee besig hou nie. Hy sal ons in sy voorsienigheid versorg. Preek beskikbaar op  
Google by [ngkerkevubu.co.za](http://ngkerkevubu.co.za) Ds. Petrus